

Nico van
Gijzen



Raad met jou rande

In opvolging op verlede week se rubriek oor die waarde daarvan om niks te doen wanneer die markte daal, kom ons kyk 'n slag binnetoe en fokus op 'n paar flaters wat mense self maak. Flaters wat hul beleggings erger kan knou as markskommelinge.

Die klem verlede week was om, in die tyd dat die beleggingsmark nou nie juis te pronkerig is nie, liever niks te doen nie en jou geld geleentheid te gee om te groei.

Maar ek het 'n voorwaarde gestel. Dit hang af of jy van die begin af in die regte beleggingsportefeulje belê is vir jou behoeftes en omstandighede. Dit is die sleutel. Dit is waar mense die eerste beleggingstrappie heeltemal kan mistrap.

Ek wil stilstaan by enkele van die grootste oorsake van swak beleggingsbesluite, sodat lesers dit sal herken in hulself en dit hopelik sal lei tot beter besluite oor hul geldsake.

In die beleggingswêreld praat ons van gedragsfinansies. Dit is 'n afdeling van die breër studieveld bekend as gedragsleer, of as jy meer neusoptrekkerig wil wees, behaviorisme.


Vrees en gierigheid

Die twee grootste sondaars na my mening is vrees en gierigheid. En hulle loop hand aan hand.

Jy laat jou lei deur vrees as jy al die twak sluk van mense wat net negatiewe oë het oor byvoorbeeld ons land. As hulle toegang het tot die massamedia (baie keer juis omdat hulle so negatief is) gee dit 'n stuk geloofwaardigheid daaraan ook.

Ek het verlede week gewys hoedat aandelebeleggings in Suid-Afrika soms beter doen as in die buiteland, veral oor die afgelope jaar of wat. As jy uit vrees nie daarin was nie, het jy verloor.

Daarenteen gee Suid-Afrikaanse effekte (bonds) verreweg van die beste effektopbrengs uit sowel die ontwikkelende as ontwikkelde wêreldmarkte. As jy ouer is en bang is vir aandele (hoewel minstens



Onthou: Vrees en gierigheid is groot sondaars

Vermý só swak beleggingsbesluite

'n deel van jou geld in aandele moet wees vir groei), is RSA-effekte beslis 'n oorweging.

En gierigheid? Dink daaraan, as jy reeds vrees dat jy jou geld gaan verloor en iemand kom wys jou hoe jy elders moet belê, want "kyk net watse groei het jy gemis", is dit wanneer gierigheid oorneem. En dit kan die eerste tree wees na finansiële verliese.

Spyt oor verlies

'n Ander emosie om voor lig te loop is spyt wanneer jy 'n verlies in waarde sien. Sielkundiges meen dat 'n mens 'n verlies van sê 10% baie sterker aanvoel as 'n wins van 10%.

In soortgelyke trant is mense soms geneig om die hoogste opbrengs in hul beleggingsportefeulje se siklus as 'n maatstaf te sien, eerder as net 'n (soms buitengewone) goeie jaar.

tengewone) goeie jaar.

Kom ons sê die belegging het gegroei van R100 na R300. En die volgende jaar daal hy na R250. Het jy dan 'n verlies gehad van 16,7%? Of groei van 150%? Baie mense fokus op die verlies. En skuif hul geld. Nie slim nie.

As jy al jou geld in aandele het, moet jy verwag dat markbewegings jou soms slapelose nagte gaan gee. Verwag om so eenkeer in drie jaar 'n ligte skok te kry. Maar as jy op lang termyn belê, gaan jy die vrugte pluk.

Ek neem as voorbeeld Coronation se Top-20-fonds, 'n suiwer aandelefonds. As jy in Januarie 2001 altesaam R100 000 daarin belê het, sou jy in Januarie 2022 'n vet R2 958 738 in jou spaarvarkie gehad het. (Ter wille van openbaarmaking, ek het geen belang in Coronation nie, ek gebruik van hul fondse vir my kliënte, te-

same met fondse van ander batebestuurders).

Interessant genoeg is dat die fonds belê in net 20 aandele wat op die JSE genoteer is. Nie 'n enkele buitelandse aandeel nie, mits dit 'n buitelandse maatskappy is wat op die JSE genoteer is. Sy gemiddelde opbrengs oor sy leeftyd is byna 17% per jaar ná koste.

Hier is nou 'n toets wat lesers kan doen.

Wat was jou eerste reaksie toe jy hierdie syfers lees. Vrees vir 'n belegging in aandele op die JSE genoteer omdat niks goed uit Suid-Afrika kan kom nie? Of was dit iets soos, "goeie aarde, ek wil onmiddellik al my geld hierin skuif"?

Vrees en gierigheid. Pasop.

Goeie raad en vasbyt

Genoeg oor die teorie van gedragsfinansies. Hoe kan jy maak om die beste vir jouself te kry?

Kry vir jou die regte beleggingsraadgewer. Nie iemand wat jou in 'n hoek probeer dwing met bangmaakpraatjies en grafieke oor opbrengste nie.

Jou raadgewer moet met jou insette en deelname eers bepaal wat is jou behoeftes. Wat is jou doelwit? Kapitaal groei oor tyd, of kapitaalbeskerming? Of soek jy 'n lewenslange inkomste? Die doelwitte is uiteenlopend en elkeen sal anders benader moet word.

Daar is eenvoudig nie 'n enkele pas-al-mal-oplossing nie.

En, as jy slim is, kyk verby "illustratiewe" opbrengste. Ongelukkig lees baie mense dit as 'n soort waarborg. Dit is snert op sy beste.

Kry sy of haar aanbevelings op skrif. Nie 'n vorm met kruisies afgemerk nie. Uitgeskryf. Maak seker dit som jul gesprek op, asook die doelwit en die aanbeveling van fondse. En die redes daarvoor. Lees die fondsinligtingsblaaie.

En dan byt jy vas.

En van die uitstaande gevolge wat gedragsfinansies vir ons wys, is hoedat mense wat uit hul fondse geskuif het meer kere as nie swakker vaar met hul beleggings as die fondse waaruit hulle geskuif het.

Moenie jy een van hulle wees nie.

■ Nico van Gijzen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg, 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijzen.